AARTAPPELKURSUS GAAN AARTAPPELVERBOUING IN WES-KAAP ONDER VERGROOTGLAS PLAAS

Aartappels SA en die Departement van Landbou Wes-Kaap plaas die aartappelbedryf en die verbouing van hierdie gewas onder die vergrootglas op die 23 en 24ste Maart wanneer ‘n aartappelkursus by Elsenburg aangebied word.

Die tweedaagse kursus word deur Minister Gerrit van Rensburg, Wes-Kaapse Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling, geopen. Op dag 1 sal ‘n breedvoerige inleiding tot die bedryf aan kursusgangers aangebied word. Die voorsitter van Aartappels SA, Ernst Yzel, sal die wêreld van aartappels bespreek en hierna sal top sprekers onderwerpe soos die rol van varsprodukte markte, beste praktyke vir hantering van aartappelmoere, die aartappelsertifiseringskema, biodiversiteit en aartappelverbouing, om maar ‘n paar te noem, aanbied. Op dag 2 word verskeie tegniese aspekte van aartappelverbouing bespreek, en lesings oor ondere andere plantvoeding, waterbestuur, die verantwoordelike gebruik en bestuur van landbouchemiese middels, aartappel plae in die Wes-Kaap, asook die voorkoms van ander siektes, sal aangebied word. Die kursus word afgesluit met ’n paneelbespreking oor knelpunte in aartappel-verbouing in die Wes-Kaap.

Die kursus word in die Percheron saal op Elsenburg aangebied en ’n registrasie fooi van R250 is by die aanvang van die kursus betaalbaar. Registrasiefooie sluit alle verversings, middagetes en ’n braaigeselligheid in, terwyl ’n handige saamdra gids ook aan kursusgangers verskaf sal word. Meer besonderhede oor die program en registrasievorms is beskikbaar by Dr. Ilse Trautmann by 021-8085012/083-6295921 of epos ilset@elsenburg.com of Anelda Bowker by 021-8085320 of epos aneldab@elsenburg.com.